nie altyd nie (vgl 2 Kor 12:12, 13 met 1 Kor 1:12; 3:3; 5:1-3 en 11:21).

Ons moet nie net oor die buitengewone opgewonde raak nie. Die verlossing van die siel is 'n groter wonder as die genesing van die liggaam (Luk 10:20).

Die Heilige Gees skenk die gawes van genesing net aan sommige (1 Kor 12:9) soos Hy wil (1 Kor 12:11,18). Die redding van die siel werk nie op dieselfde wyse nie. Die Gees werk nie net in sommige die gawe om ander mense te red nie (vgl Jak 5:18,19). Alle volgelinge van Jesus, word vissers van mense (Matt 4:19).

Die Heilige Gees werk die nuwe lewe (Joh 3:6; 6:63; 1 Kor 12:3) en die vrug van die Gees (Gal 5:22) in ons. Sodanig lyk alle kinders van die Here eenders afhangende van elkeen se geestelike groei. Jy het in elk geval alles, of jy het niks. Kom ons noem dit die algemene werking van die Heilige Gees. Maar dan skenk die Heilige Gees ook individuele genadegawes (vgl Rom 12;4-8; Ef 4:8-11; 1 Kor 12:4-29). Hierin verskil kinders van die Here van mekaar (Rom 12:6; 1 Kor 12:11,18), kragtens die veelkleurige rykdomme van God (1 Pet 4:10).

Wat die individuele genadegawes betref, praat Paulus van groter genadegawes (1 Kor 12:31). Dit is die meer skouspelagtige gawes waarna die Korintiërs so gesmag het (vgl 1 Kor 12:31; 14:26). In 1 Korintiërs 12:8-10 word van die *meer skouspelagtige* en in Romeine 12:7,8 van die *minder skouspelagtige* gawes gepraat. Kom ons noem die skouspelagtige die *buitengewone* en die minder skouspelagtige die *gewone* genadegawes. Ons merk op dat die buitengewone anders as die gewone gawes funksioneer.

Die gelowige beskik byvoorbeeld oor die gewone gawes van die Gees (vgl Rom 12:4-8), maar nie altyd oor die



buitengewone gawes nie (vgl 1 Kor 12:7-11). Wie byvoorbeeld die gawe het om te leer, te gee, te lei of om barmhartigheid te betoon (Rom 12:7, 8), kan dit altyd doen. Maar die buitengewone gawes, soos byvoorbeeld die krag om wonders te doen of die genadegawes van gesondmaking (1 Kor 12:9,10), werk nie so nie. Die een oomblik slaan Paulus deur die krag van die Gees Elimas met blindheid (Hand 13:8-12), dan weer beskik hy oor geen krag nie (Hand 14:19,20). *Die mens kan God dus nooit manipuleer nie* (vgl 1 Sam 4:3-11). Al het die gawes van genesing ook deur Paulus gefunksioneer (vgl Hand 14:8-10; 28:8), skrywe hy aan Timoteurs en sê: "Trofimus het ek in Milete siek agtergelaat" (2 Tim 4:20).

## 10

## GELOOFSGENESERS

Om vir siekes te bid (Jak 5:14,15), maak nie van jou 'n geloofsgeneser nie. Dit is nie óns geloof wat iemand genees nie. Geloof genees nie, maar ontvang die genesing uit die hand van God wat dit gee, waar, wanneer, soos, deur wie en aan wie Hy dit wil gee (Hand 3:16).

'n Geloofsgeneser is iemand wat dink dat hy oor die geloof en oor die gawes van gesondmaking beskik en bepaal dan self die datum en plek en persoon wat gesond gemaak moet word. Die buitengewone gawes werk egter nie só nie.

Die Gees gee die een oomblik aan 'n persoon 'n woord

van wysheid of 'n woord van kennis en dan weer dieselfde gawes aan iemand anders. Die uitdrukking "genadegawes (let op die meervoud) van gesondmaking" (1 Kor 12:9), wil nie sê dat die Gees aan die een die gawe gee om hierdie soort siekte en aan 'n ander om 'n ander soort siekte te genees nie, maar wil juis sê dat hierdie genadegawe vandag deur iemand en môre weer nie deur hom werk nie (vgl Hand 28:8, 9 met 2 Tim 4:20).

Een van die redes waarom die genesingsdienste van geloofsgenesers soveel teleurstelling en mislukkings inhou, is omdat hulle nie rekening hou met hierdie spesifieke werking van die Heilige Gees met betrekking tot die buitengewone genadegawes nie.

In talle gevalle is die genesings by sulke byeenkomste gedeeltelik en/of tydelik van aard. Die sieke hoor beter, sien beter en voel beter, maar nie vir lank nie. Die gees van die sieke is wel gestimuleer, maar die genesing het nie werklik plaasgevind nie. Dit is so anders as die voorbeelde in die Bybel. Die vrou wat aan bloedvloeiing gely het, is dadelik en volkome genees (Mark 5:29). Die blinde man van Besaida word wel in twee fases genees (Mark 8:22-25), maar is tog by dieselfde geleentheid volkome genees (Mark 8:25). Die blinde wat sy oë moes gaan was in die bad van Siloam, is eers 'n rukkie later, maar tog op dieselfde oomblik toe hy hom gewas het, volkome genees (Joh 9:11). Die tien melaatses is al lopende genees, maar nog voordat hulle by die priesters aangekom het (Luk 17:14-18).

In ander gevalle glo en bely sommige by sulke dienste dat hulle van een of meer van hul kwale genees is, bloot omdat hulle die een of ander fisieke belewing ervaar het of omdat hulle voorgesê is om te bely dat hulle genees is, aangesien hulle moet bely dat God gedoen het wat Hy



beloof het om te doen (vgl Matt 7:7), net om later te ontdek dat die genesing nie werklik plaasgevind het nie. Hoe rym dit met die belofte van Jesus in Johannes 14:12? Of wys genoemde verskynsel nie reeds daarop dat sodanige metodes in stryd is met die wyse waarop dit behoort plaas te vind nie!

'n Baie populêre handeling by sommige genesingsdienste is om mense met rugkwale te oortuig dat die oorsaak van die rugkwaal daarin lê dat een van hulle bene korter as die ander is. Die sieke word gevra om op die verhoog op 'n stoel te gaan sit – gewoonlik met die linkersy na die gehoor. Nou word die bene van die sieke deur die geneser opgetel en teruggestoot. Die been wat die swakste is (gewoonlik die linkerbeen) word dan die verste teruggestoot. Daardeur word vir die sieke en vir die gehoor aangetoon dat die een been korter as die ander is. Die volgende oomblik word die bene gelos, terwyl albei bene nog deur die geneser opgehou word. Die spiere vanuit die heupe waarop die druk geplaas was, reageer nou en stoot die een been weer terug in sy oorspronklike posisie. Dit skep die indruk dat die korter been regtig besig is om te groei en langer te word. Of die geneser van hierdie werking van die menslike liggaam bewus is, sal net hyself weet. Hierdie sensasionele gebeure plaas sowel die onkundige sieke as die oningeligte gehoor onder hipnose of onder die mag van suggestie en skep meteen 'n gees van verwagting vir almal wat siek is. As God iemand se bene kan laat groei, kan Hy enige ander siekte genees. Daarmee word nie gesê dat die Here nie bene kan laat groei nie, maar dat dié metode vreemd is aan die voorbeelde van die Skrif en dat dit die vraag oproep waarom dit elke keer moet gebeur sodra die geneser dit aan die sieke en aan die gehoor

aangetoon het dat die een been korter as die ander been is?

Die hartseer hiervan is dat sulke ruglyers wat pasiënte van fisioterapeute was, na 'n ruk weer na die dokter moet terugkeer omdat die genesing nie werklik plaasgevind het nie. En dan toon die plate wat vroeër geneem is, en dié wat nou ná die gebeure geneem word, duidelik dat die been nie werklik langer geword het nie.

Die emosionele ontwrigting en die godsdienstige verwarring wat dit meebring by meeste van die siekes wat oënskynlik genees was, is 'n pynlike ondervinding vir almal wat dit meegemaak het.

Dit beteken egter nie dat siekes nie deur gebed genesing kan ontvang nie, maar dat ons in hierdie wyse van doen met 'n ongeoorloofde en onbybelse praktyk te make het.

Dat daar egter ook werklik genesings by sulke byeenkomste kan plaasvind en wel plaasvind, wil ons nie bevraagteken nie.

As ons egter alles teen mekaar opweeg en dink aan die teleurstelling, verwarring en hartseer wat sulke byeenkomste vir die meeste siekes inhou, dan is ons verplig om te sê dat sulke byeenkomste meer kwaad doen as goed (vgl 1 Kor 11:17).

Die genesings wat wel uit sulke byeenkomste voortspruit, moet toegeskrywe word aan die grootheid van die goedheid van God, wat Hom, ten spyte van ons optrede, nogtans ontferm het oor 'n bepaalde persoon in sy nood.

••••••••••••••••••••••



# 11

# DIE BYBELSE VOORBEELDE

Die wyse waarop vir siekes in die Bybelse tyd gebid is, was soos volg: Die Here het sy dissipels beveel om siekes te genees (Matt 10:8; Joh 14:12). Soos hulle siekes op hul pad teëgekom het, is daar vir hulle gebid (Hand 3:2-8; 9:32-41; 28:8). Siekes het gekom (vgl Mark 5:25-34) of is deur ander gebring om genees te word (Hand 5:14-16; 19:11,12). Die siekes is ook beveel om die ouderlinge van die gemeente in te roep om vir hulle te bid dat hulle gesond kan word (Jak 5:14,15).

Die gemeentes is deur prediking en geskrif (vgl 2 Tess 2:15) duidelik ingelig dat die genadegawes van gesondmaking aan sommige gegee word (1 Kor 12:9); dat alle siekes vir wie daar gebid word nie dadelik gesond word nie (2 Tim 4:20), en dat genesing slegs geskenk word wanneer "die gebed van die geloof" gebid word (Jak 5:14,15). *Daar is nooit byeenkomste gereël met die doel om vir siekes te bid, terwyl beloftes gemaak is dat die siekes gesond sal word indien hulle glo nie.* Waar dít gedoen word, kry die verwagting op genesing 'n universele aksent waarvoor daar geen Skrifgronde bestaan nie. Dit kan verder 'n ongeduld verraai oor die wyse waarop God regeer. Dit is in die aard van geloof om te vra of te ontvang en nie om te beveel nie.

'n Gelowige mag seker by geleentheid aan 'n sieke sê dat die Here hom nou en hier genees, maar dan moet wat gesê word werklik ook gebeur (vgl Hand 3:6,7). Indien dit egter nie gebeur nie, en die woord van dié gelowige nie uitkom nie, het die Here nie deur hom gepraat nie. En oor sulke